

13 September

Skrifgedeelte: 1 Konings 17 en 18

Fokusgedeelte: 1 Konings 17:1

Die Here wat ons dien, is die lewende Here

Elia gaan staan voor die goddelose Agab en sê: “So seker as die Here leef, die God van Israel in wie se diens ek staan...” Met hierdie verklaring vergelyk Elia die lewende God met Agab se dooie gode van klip en hout. Elia is nie arrogant as hy dit sê nie. Hy sê dit as profeet en as gelowige. Hy was maar ‘n mens soos ons (Jak 5:17), maar hy het God geken. Ons sien in hierdie twee hoofstukke wat dit beteken vir ‘n gelowige om kind te wees van die lewende God. Dit beteken dat Hy vir Elia ‘n plek gegee het om weg te kruip – Kritispruit. Dit beteken dat Hy daar onder God se beskerming gebly het. Dit beteken dat Hy deur God versorg is. Die kraai het vir hom kos gebring. Dit beteken dat God getrou is. Toe die spruit opdroog, sorg die weduwee vir hom. Dit beteken dat God hom leer om te bid. As die weduwee se seun sterf, kan hy hom alleen tot God wend. Dit beteken dat die Here hom leer om onverskrokke op Hom te vertrou en nie terug te deins voor Agab en sy gevaarlike vrou nie. En uiteindelik, as die Baälprofete en hulle aanhangers tevergeefs bid en smeek tot hulle dooie god, wys die Here dat Elia nie vergeefs vertrou het op die lewende God nie. Ken jy God dan nie ook so nie? Christus het opgestaan. Hy lewe! Deur Hom is ons meer as oorwinnaars. Sy Gees maak lewend wat dood was. Elke dag van ons lewe ervaar ons dieselfde krag en genade van die lewende God as wat Elia belewe het. Laat ons nie mismoedig word nie. Laat ons nie bang word vir mense met baie mag maar met dooie gode nie. Wanneer Christus op die wolke kom, sal elke knie voor Hom buig.

Sing: Psalm 93:1-4

Ds PH Fick (Komatipoort)